



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: lekkerbekkie@annaemm.co.za

Prins Thomas en die vlermuis deur Anna Emm

Een aand sit Prins Thomas saam met die koning en koningin in die sitkamer. Hulle kyk 'n grootmens storie op televisie. Prins Thomas is verveeld. Hy wil eerder 'n kinder storie kyk.

Skielik vlieg daar 'n grys ding by die venster in! Die grys ding fladder oor hulle koppe verby en gaan hang onderstebo aan die vensterbank. Die koningin gil hard en spring op. Sy is baie bang. Sy gryp 'n kussing en gooi dit na die ding.

"Dis net 'n vlermuis," sê die koning. "Los hom uit. Hy sal netnou weer uitgaan buitentoe."

"Wat is 'n vlermuis?" vra Prins Thomas. Die grys ding lyk glad nie vir hom soos 'n muis nie.

"Dis 'n nagdiertjie," sê die koning. "Hulle eet goggatjies, nie mense nie!"

Die koning maak die venster groot oop en jaag die vlermuis uit. Hy maak die venster weer toe. Die koningin bewe. Sy kyk in die sitkamer rond, al weet sy die vlermuis is weg.

"Hoekom is jy so bang?" giggel Prins Thomas.

"Vlermuise is grillerig!" sê die koningin. "Ek is bang hulle vlieg teen my vas en koek in my hare! Ek is bang hulle kom sit op my kop."

"Vlermuise vlieg nie vas in mense nie," sê die koning. "Hulle is baie slim. Hulle het radar."

"Wat is radar?" vra Prins Thomas.

"Dit beteken hulle weet presies waar goed is en hoe die goed lyk. Dan kan hulle baie goed rondom en bo-oor dinge vlieg," sê die koning.

"Waar woon die vlermuise dan?" vra Prins Thomas.


"Hulle hou van donker plekke waar hulle in die dag kan slaap," sê die koning. "Hoë plekke waar niemand hulle kan pla nie. En dan hang hulle onderstebo aan hulle pootjies."

Daardie aand droom Prins Thomas hy is 'n vlermuis. Hy droom hy hang onderstebo in die boom. Hy droom die koningin is bang vir hom. Hy vlieg by die sitkamer in en gaan sit op haar kop. Sy gil en hardloop weg. Nou kan Prins Thomas die hele aand lank sy kinder stories op televisie kyk!

Vir meer van Anna Emm se kinder stories besoek www.AnnaEmm.co.za

Gratis inkleurprentjie:

Prins Thomas en die vlermuis illustrasie deur Elanie Bieldt



Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek www.AnnaEmm.co.za

Nuus uit die kantoor:

Ons het getrek na nuwe kantore!

Op 25 Julie 2013 het Anna Emm Productions getrek na nuwe kantore in Platteklouf, Kaapstad. Die nuwe kantore het 'n heelwat groter uitstalruimte vir al ons produkte, 'n inkleurhoekie vir die kinders, en ons is ook nou ten volle toegerus vir kredietkaart-verkope!

As jy in Kaapstad-omgewing is, kom maak gerus 'n draai. **Bring hierdie nuusbrieff saam en ontvang enige R80 CD van jou keuse vir slegs R40!** (Slegs een per gesin. Aanbod sluit 31 Augustus.)



Nuwe ades: Unit 3, Bloomberg House, h/v Silwerboom en Blouleliestraat, Platteklouf
(Agter die Spar-sentrum oorkant die Panorama hospitaal)

Nuwe telefoonnommer: 021 930 0908